# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Maandag 16 Junie 1980 | WINDHOEK | Monday 16 June 1980 | No. 4177


## INHOUD:


**PROKLAMASIE:**

No. 12 Tamariskia: Wysiging van Proklamasie 18 van 1965 ......

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. 120 Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Grootfontein ......

No. 121 Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Waterleweringsregulasies ......

**ALGEMENE KENNISGEWINGS:**

No. 19 Stampriet Dorpsbeplanningskema ......

No. 20 Aranos Dorpsbeplanningskema ......

No. 21 Munisipaliteit Swakopmund: Permanente Sluiting van 'n Gedeelte van Strandstraat ......

No. 22 Munisipaliteit Otjiwarongo: Tussenverkiesingsuitgawes ......

ADVERTENSIES:


## CONTENTS:


*Bladsy/Page*

**PROCLAMATION:**

No. 12 Tamariskia: Amendment of Proclamation 18 of 1965 ...... 201

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. 120 Proclamation and Classification of a Road: District of Grootfontein ...... 202

No. 121 Municipality of Omaruru: Amendment of Water Supply Regulations ...... 203

**GENERAL NOTICES:**

No. 19 Stampriet Town Planning Scheme ...... 203

No. 20 Aranos Town Planning Scheme ...... 203

No. 21 Municipality of Swakopmund: Permanent Closing of a Portion of Strand Street ...... 204

No. 22 Municipality of Otjiwarongo: Interim Electoral Expenses ...... 204

ADVERTISEMENTS: 205


# PROKLAMASIE

deur die

VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA

No. 12 van 1980]

TAMARISKIA : WYSIGING VAN PROKLAMASIE 18 VAN 1965

Die Uitvoerende Komitee het kragtens artikel 31A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, die voorwaardes uiteengesit in die Bylae by Proklamasie 18

# PROCLAMATION

by the

CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF SOUTH WEST AFRICA

No. 12 of 1980]

TAMARISKIA : AMENDMENT OF PROCLAMATION 18 OF 1965

The Executive Committee has under section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, changed the conditions set out in the Schedule to Proclamation 18 of

van 1965, soos gewysig, verander deur subparagraaf (c)(5)(iii) van paragraaf 5 deur die volgende subparagrawe te vervang:

"(iii) R2 000 vir erwe groot 601-797 vk.m; en

(iv) R12 000 vir erwe groot 798 vk.m en meer."

Gegee onder my hand in Windhoek op hierdie 23ste dag van Mei 1980.

A. H. DU PLESSIS
*Voorsitter van die Uitvoerende Komitee.*

1965, as amended, by the substitution of the following subparagraphs for subparagraph (c)(5)(iii) of paragraph 5:

"(iii) R2 000 for erven in extent from 601-797 sq metres and

(iv) R12 000 for erven in extent from 798 sq metres upwards."

Given under my hand in Windhoek on this the 23rd day of May 1980.

A. H. DU PLESSIS
*Chairman of the Executive Committee.*

## Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 120 16 Junie 1980

### PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD: DISTRIK GROOTFONTEIN

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Grootfontein 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P1001 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in die Bylae hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad (nommer 2893) verklaar.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt op distrikspad 2862 op die plaas Duiker 929 algemeen ooswaarts oor die plase Duiker 929, Rusplaas 992, Rumara 993 en Horabe 994 tot op 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plase Horabe 994, Hieromtrent 995, Vreugde 1000 en Rooidag 1001 tot op 'n punt op grootpad 74 op laasgenoemde plaas — A-$A_1$-C-E-$F_1$ op die sketskaart P1001.

## Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 120 16 June 1980

### PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD DISTRICT OF GROOTFONTEIN

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Grootfontein proclaimed a road which is indicated on sketch-map P1001, defined the course thereof as described in the Schedule hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road (number 2893).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

SCHEDULE

From a point on district road 2862 on the farm Duiker 929 generally eastwards across the farms Duiker 929, Rusplaas 992, Rumara 993 and Horabe 994 to a point on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farms Horabe 994, Hieromtrent 995, Vreugde 1000 and Rooidag 1001 to a point on main road 74 on the last-mentioned farm — A-$A_1$-C-E-$F_1$ on sketch-map P1001.

No. 121 16 Junie 1980

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU
WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-REGULASIES

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 161 van 1931, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings 286 van 1950, 247 van 1954, 2 en 219 van 1961, 214 van 1964, 124 van 1968, 121 van 1970, 8 van 1971, 161 van 1973, 68 van 1976, 239 van 1977, 224 van 1978 en 134 van 1979.

Vervang die bedrag van "12c" deur "12,5c" in paragraaf 2,1 van bylae B.

No. 121 16 June 1980

MUNICIPALITY OF OMARURU
AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 161 of 1931 as amended by Government Notices 286 of 1950, 247 of 1954, 2 and 219 of 1961, 214 of 1964, 124 of 1968, 121 of 1970, 8 of 1971, 161 of 1973, 68 of 1976, 239 of 1977, 224 of 1978 and 134 of 1979.

Substitute "12,5c" for "12c" in paragraph 2.1 of Schedule B.

# Algemene Kennisgewings

(No. 19 van 1980)

STAMPRIET DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennisgewing geskied hierby kragtens artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die dorpsbeplanningskema van Stampriet ter goedkeuring aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is.

Eksemplare van die dorpsbeplanningskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende besigheidsure by M. J. Garbers Handelshuis, Stampriet, en ook in kamer 213 Rentmeestergebou, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die dorpsbeplanningskema moet sy beswaar skriftelik voor of op 16 Julie 1980 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025, Ausspannplatz, indien.

R. Z. schoeman
Sekretaris : SWABAR

(No. 20 van 1980)

ARANOS DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennisgewing geskied hierby kragtens artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die dorpsbeplanningskema van Aranos ter goedkeuring aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is.

# General Notices

(No. 19 of 1980)

STAMPRIET TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the town planning scheme of Stampriet has been submitted to the Executive Committee for its approval.

Copies of the town planning scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during business hours at M. J. Garbers Handelshuis, Stampriet, and also in room 213, Rentmeester Building, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the town planning scheme should lodge his objections in writing with the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 16 July 1980.

R. Z. SCHOEMAN
Secretary : SWAPAB

(No. 20 of 1980)

ARANOS TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the town planning scheme of Aranos has been submitted to the Executive Committee for its approval.

Eksemplare van die dorpsbeplanningskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die kantoor van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling te Aranos, en ook in kamer 213, Rentmeestergebou, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die dorpsbeplanningskema moet sy beswaar skriftelik voor of op 16 Julie 1980 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025, Ausspannplatz, indien.

R. Z. SCHOEMAN
Sekretaris : SWABAR

Copies of the town planning scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the office of Peri-Urban Development Board at Aranos, and also in room 213, Rentmeester Building, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the town planning scheme should lodge his objections in writing with the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 16 July 1980.

R. Z. SCHOEMAN
Secretary : SWAPAB

(No. 21 van 1980)

## MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN STRANDSTRAAT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183 (1)(b)(iii) van die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963, dat die Stadsraad voornemens is om, ten einde die strandgebied sinvol in 'n rusarea te ontwikkel, 'n gedeelte van Strandstraat permanent vir voertuigverkeer te sluit soos aangedui op plan Nr. 521 804 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183(3) van die bogenoemde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Uitvoerende Komitee bestel word.

(No. 21 of 1980)

## MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF STRAND STREET

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(iii) of the Municipal Ordinance 13 of 1963 that, in order to establish a meaningful development of the beach into a rest area, the Town Council proposes to close a portion of Strand Street permanently for vehicular traffic as indicated on plan No. 521 804 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk.

Objections in terms of section 183(3) of the said ordinance to the proposed closing are to be served on the Executive Committee within thirty (30) days from the date of publication of this notice.

(No. 22 van 1980)

## MUNISIPALITEIT OTJIWARONGO TUSSENVERKIESINGSUITGAWES

Ingevolge die bepalings van artikel 81 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig, word die volgende opgawe verstrek vir publikasie in die Offisiële Koerant.

| Kandidate | Uitgawe | Bedrag |
|---|---|---|
| Sandman Christiaan Wilhelm Friedrich | A-K | Nul |
| Sell Wilhelm August | A-K | Nul |

Ingevolge die bepalings van artikel 86 van Ordonnansie 13 van 1963 word bekend gemaak dat alle opgawes en bewysstukke vir drie maande vanaf datum van publikasie vir die publiek ter insae lê.

J. M. L. TREDOUX
Kiesbeampte.

(No. 22 of 1980)

## MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO INTERIM ELECTORAL EXPENSES

In terms of the provisions of section 81 of Ordinance 13 of 1963, as amended, the under-mentioned return is submitted for publication in the Official Gazette.

| Candidates | Expenses | Amount |
|---|---|---|
| Sandman Christiaan Wilhelm Friedrich | A-K | Nil |
| Sell Wilhelm August | A-K | Nil |

In terms of the provisions of section 86 of Ordinance 13 of 1963 notice is hereby given that all the returns with supplementary vouchers will lie open for inspection for a period of three months from the date of publication.

J. M. L. TREDOUX
Returning Officer.

# Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R3,25 |

# Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R3.25 |

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

Die onderstaande aansoeke om Openbare Padvervoerpermitte, met aanduiding van (1) verwysingsnommer en gebied waar die beoogde vervoer onderneem sal word, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van beoogde padvervoer, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor of gebied(e) waarin die beoogde padvervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalings van artikel 14(1) van Wet 74 van 1977 : Wet op Padvervoer, 1977 gepubliseer. Vertoë of inligting in verband met die aansoeke wat belanghebbendes aan die raad wil rig moet aan die bepalings van regulasie 4(1) van die Padvervoerregulasies, 1977 voldoen en moet in viervoud ten opsigte van elke aansoek ingedien word.

800514 OP 28 — S.W.A. (2) F. P. & W. J. DU TOIT H/A F. P. Du Toit Transport (Edms) Bpk. — WINDHOEK; Bykomende magtiging (3) Soos per die aangehegte bylae "A". (4) Vars vleis (5) Vanaf slagpale geleë in Suidwes-Afrika na plekke geleë in Suidwes-Afrika.

800519 OP 31 — S.W.A. (2) D. E. G. Klink H/A Jagplaas Eausiro — Plaas Eausiro Wes Nr. 101, OMARURU landdrosdistrik. (3) SY 778 — minibus — 8 persone (1 277 kg.) (4) a en b Blanke trofeejagters en hulle persoonlike bagasie. (5)(a) Vanaf J. G. Strijdom Lughawe na plaas Eausiro Wes nr. 101 geleë in die landdrosdistrik Omaruru. (5)(b) Vanaf plaas Eausiro Wes nr. 101 geleë binne Omaruru landdrosdistrik na jagplase geleë binne Suidwes-Afrika en terug. (4)(c) Blanke trofeejagters en hulle persoonlike bagasie en trofeë. (5)(c) Vanaf plaas Eausiro Wes nr. 101 geleë binne Omaruru landdrosdistrik na J.G. Strijdom Lughawe.

800519 OP 32 (2) M. L. Sharp T/A Sharp's Liquor Co. (Pty) Ltd. — WINDHOEK; Transfer from L. C. Sharp T/A Charleshill Trading Co. (3) BI 221 — Truck — 7 000 kg. (4) Own general goods and liquor on forward journey and empty containers on return journey. (5) From and to Gobabis to and from Buitepos en route to Ghanzi, Botswana.

800520 OP 33 — S.W.A. (2) Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens — WINDHOEK; Bykomende voertuie (3) MLN — 238 W — Passasiers bus 44 sitplek en MLN 242W — Passasiersbus — 44 sitplek (4) Blanke en Bantoe passasiers oor 'n bepaalde busroete asook hulle persoonlike bagasie. (5) Soos per die goedgekeurde bylae "B".

The under-mentioned applications for Public Road Carrier Permits indicate (1) reference number and the area within which the proposed road transport will be undertaken, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed road transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed road transportation is to be effected or published in terms of section 14(1) of Act 74 of 1977 : Road Transportation Act, 1977. Representations or information in respect of the applications which interested parties wish to make must comply with the provisions of regulation 4(1) of the Road Transportation Regulations, 1977 and must be submitted in quadruplicate in respect of each application.

800508 OP 34 — WINDHOEK (2) Oamites Mining Co. (Pty) Ltd. — WINDHOEK; Additional authority/Amendment of route (3) SW 49955 — Bus — 65 seating capacity and 22 standing capacity. (4) Own White, Bantu and Coloured employees and their personal effects to attend sport meetings. (5) From Oamites mine to places within Windhoek- and Rehoboth Magisterial areas and return.

800521 OP 35 — S.W.A. (2) C. A. Roets H/A Namib Pump Service — OKAHANDJA: Eerste aansoek (3) SH 1688 — v/m — 12 ton; SH 1911 — v/m — 7 ton; SH 346 — v/m — 7 ton SH 16635 — v/m — 2½ ton en SH 1549 — leunwa — 10 ton. (4) en (5) Soos per die aangehegte bylae "A".

"A"

1. Eie goedere — Vanaf en na die houer se eie bona fide kontrakpersele geleë binne Suidwes-Afrika; na en vanaf die naaste spoorwegstasie-sylyn of -halte.

2. Eie vakmansgereedskap en -masjinerie in gebruik alleenlik vir eie gebruik — Binne Suidwes-Afrika.

3. Eie werknemers in die loop van hul diens (sonder vergoeding van sodanige vervoer) Rantsoene vir sodanige werknemers vir hulle eie gebruik Binne Suidwes-Afrika.

4. Nie meer as 750 kg massa per enkel rit per voertuig van goedere wat hoort by die houer se beroep, ambag of besigheid as pompwerktuigkundige wat benodig word deur die houer vir gebruik deur hom ten einde die werksaamhede te verrig waarvoor die

rit onderneem word — Vanaf die houer se eie bona fide plek van besigheid te Okahandja na plekke geleë binne Suidwes-Afrika waar die houer kontrakte het om uit te voer en onverbruikte goedere op die terugreis.

5. Spesifieke besendings petrolpompe en brandstoftenks vir regstreekse installering deur die aansoeker op betrokke installeringspersele — Binne Suidwes-Afrika.

6. Defekte pompe, masjinerie en dele daarvan vir dringende herstel asook tenks en toerusting wat uitgedien geraak het — Vanaf plekke geleë binne Suidwes-Afrika waar dit gebreek of in onbruik geraak het, na die naaste plek van herstel of die houer se bona fide persele te Okahandja waar dit geberg sal word.

800526 OP 39 — WINDHOEK (2) Windhoek Radio Taxis (Pty) Ltd. — Windhoek; Oordrag vanaf K. H. Nünemann h/a Windhoek Radio Taxis (Pty) Ltd. na L. H. Gugat h/a Windhoek Radio Taxis (Pty) Ltd. (3) Agt (8) motors van 4 passasiers elk: SW 2747, SW 51918, SW 51523, SW 18629, SW 35066, SW 7708, SW 28398, SW 18679. Twee (2) motors van 5 passasiers elk: SW 18642 en SW 18676. (4) & (5) Soos per die aangehegte bylaes "A" & "B" en "C".

"A"

Nie meer as 5 (vyf Blanke passasiers en hulle persoonlike bagasie en enige voedsel en drank bedoel vir hulle eie gebruik (a) op ritte binne 'n radius van 50 (vyftig) km vanaf Hoofposkantoor, Windhoek (b) op toevallige ritte van binne die gebied omskryf in (a) na enige punt buite daardie gebied of vanaf enige punt buite daardie gebied na enige punt binne daardie gebied; ooreenkomstig die voorwaardes en vereistes soos, hierin en in die aangehegte bylae "B" uiteengesit.

"B"

Hierdie openbare padvervoerpermit is uitgereik onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Die houer van die openbare padvervoerpermit of sy dienaar mag nie na hy 'n passasier verkry het of nadat hy vir 'n rit gehuur is, ander passasiers oplaai vir dieselfde rit of enige gedeelte daarvan of ~~vir die~~ retoerrit of enige gedeelte daarvan.

2. Die houer van die openbare padvervoerpermit of sy dienaar mag nie deur middel van advertensies of op enige ander wyse bekend maak of laat bekend maak dat hy bereid is om vervoer te onderneem buite die gebied wat deur die Plaaslike Raad vir sy gewone bedrywighede vasgestel en gemagtig is nie.

3. Die houer van die openbare padvervoerpermit of sy dienaar moet die tariewe indien enige, wat deur die betrokke Plaaslike Raad vasgestel of aangeneem is nakom en moet 'n duidelike leesbare afskrif van sodanige tariewe in 'n opvallende plek in sy voertuig vertoon.

4. Die houer van die openbare padvervoerpermit of sy dienaar mag nie werf of enige persoon toelaat om namens hom passasiers vir vervoer te werf nie.

5. Die houer van hierdie openbare padvervoerpermit moet 'n kennisgewing op 'n ooglopende plek op die dak van die voertuig tot bevrediging van die Plaaslike Padvervoerraad aan bring en wat te alle tye duidelik van buite die voertuig sigbaar is en wat die aard van die besigheid nl. "Taxi" aan alvier die sye daarvan en die kategorie van persone wat vervoer mag word nl. "Net Blankes"/"Whites Only" of net "Nie-Blankes"/Non Whites Only" op twee teenoorgestelde sye van die kennisgewing in Afrikaans op die een sy en in Engels op die ander sy, deur middel van wit letters op 'n groen agtergrond vertoon. Op twee teenoorgestelde sye van die kennisgewing mag die telefoonnommer waar die betrokke huurmotor se dienste gewoonlik aangevra mag word verskyn.

Die letters en syfers wat op die kennisgewing verskyn se minimum mate en hulle rangskikking moet soos volg wees:

(a) Hoogte van syfers en letters 38 mm.

(b) Wydte van syfers en letters 19 mm.

(c) Breedte van streep van syfers en letters (4,77 mm).

(d) Afstand tussen opeenvolgende syfers of letters (4,77 mm).

(e) Afstand tussen woorde in dieselfde lyn (12,7 mm).

6. Die houer van die openbare padvervoerpermit of sy dienaar mag nie toevallig passasiers vervoer vanaf die gebied wat deur die Plaaslike Raad vir sy gewone bedrywighede vasgestel en gemagtig is nie, na 'n plek buite sodanige gebied of omgekeerd of tussen plekke buite sodanige gebied, as die voorgeneme passasiers nie die diens spesiaal voor die aanvraag van die onderhewige rit gehuur het nie, en as hy/sy dienaar nie voor die aanvraag van die rit 'n aantekening in duplikaat op die deurslagpapiermetode gemaak het in 'n boek wat vir die doel in die betrokke voertuig gehou word en wat so na moontlik al die nodige besonderhede, soos volg aangegee nie:-

Naam en adres van permithouer........................

..........................................................................

Nr. van Openbare Padvervoerpermit ..................

Registrasie nommer van voertuig ......................

Datum en tyd van ontvangs van bestelling..........

...................................................................

Datum en tyd van aanvang van rit....................

Datum.........................................................

(Handtekening van permithouer of ander persone wat gemagtig is om namens hom te teken).

Een afskrif van sodanige aantekening moet gehou word deur die bestuurder van die voertuig wat vir die rit gehuur is en die oorspronklike van sodanige aantekening moet binne vier-en-twintig uur na aflegging van die rit of later met die goedkeuring van die Plaaslike Raad aan die Sekretaris van die Plaaslike Raad wat die Openbare Padvervoerpermit uitgereik het, gepos word. Die boek wat hierbo gemeld word, moet deur die houer vir 'n tydperk van twaalf maande na die laaste inskrywing daarin bewaar word en vir insae deur 'n gemagtigde amptenaar beskikbaar wees.

7. Die houer van die Openbare Padvervoerpermit of sy dienaar moet enige tariewe wat deur die Plaaslike Raad vasgestel is nakom en moet 'n duidelike leesbare afskrif in sy voertuig hou.

"C"

TARIEF TEN OPSIGTE VAN BLANKE TAXIDIENSTE VAN TOEPASSING BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WINDHOEK.

1. Tarief volgens afstand:

Vir enige getal passasiers wat die voertuig gelisensieer is om te vervoer:

(a) Vir die eerste tweehonderd meter of gedeelte daarvan — R0,80

(b) Vir elke bykomende tweehonderd meter of gedeelte daarvan — R0,20

(c) Vir bestellings ontvang gedurende die ure 24h00 en 06h00 mag bogenoemde tariewe met die helfte verhoog word.

2. Tarief vir wagtyd:

(a) Vir elke een minuut of gedeelte daarvan — R0,05

3. Tarief vir die huur van taxis volgens tyd:

(a) Vir elke dertig minute of gedeelte daarvan wat die voertuig gehuur word. — R3,00

(b) Vir elke dertig minute of gedeelte daarvan wat die voertuig tussen 24h00 en 06h00 gehuur word. — R4,00

(Tarief vir wagtyd nie van toepassing nie).

4. Tarief vir die vervoer van bagasie per rit:

(a) Persoonlike bagasie soos handsak, jas, briewetas, sambreel en kamera. — GRATIS.

(b) Ander bagasie soos pakette, reistasse en ander goedere, per item. — R0,10

Die bestuurder van die taxi mag weier om enige item wat die voertuig mag beskadig of die bestuurder se uitsig mag belemmer, te vervoer. Die huur van enige taxi sal wees volgens die tarief vir afstand tensy ten tye van bestellings volgens tyd gehuur word.

800530 OP 41 — WINDHOEK (2) G. K. Eichab — Katutura; Vervanging van voertuig (3) SW 23259 — motor — 5 passasiers (4) & (5) Soos per die aangehegte bylaes "A" en "B".

"A"

Nie meer as 6 (ses) Nie-blanke persone (drywer ingesluit) nie asook hulle persoonlike bagasie op bona fide taxiritte — vanaf:

(a) 'n woning geleë binne Katutura na 'n ander woning of besigheidsplek geleë binne Katutura of vanaf 'n besigheidsplek geleë binne Katutura na 'n ander besigheidsplek of woning geleë binne Katutura;

(b) 'n deur die munisipaliteit van Windhoek goedgekeurde taxistaanplek geleë binne Katutura en vanaf wonings of besigheidsplekke geleë binne Katutura na plekke geleë binne die munisipale gebied van Windhoek;

(c) 'n woning of besigheidsplek (ingesluit sportvelde en skole) geleë binne die munisipale gebied van Windhoek na plekke geleë binne Katutura; en

(d) die taxistaanplek in Talstraat en die taxistaanplek by Windhoek spoorwegstasie na plekke geleë binne die munisipale gebied van Windhoek uitgesluit vervoer na plekke geleë binne die kleurlingwoonbuurt Khomasdal.

Die magtiging hierbo uiteengesit is onderhewig aan die voorwaardes in bylae "B", hiertoe, vervat.

TYDTAFEL: Op aanvraag.
TARIEWE VOLGENS AFSTAND:

(a) Vir die eerste drie kilometer of gedeelte daarvan R1,00

(b) Vir elke verdere 200 (twee honderd) meter of gedeelte daarvan — R0,05

(c) Vir bestellings ontvang gedurende die ure tussen 24h00 en 05h00 mag die tariewe met die helfte verhoog word.

TARIEWE VIR DIE VERVOER VAN PERSOONLIKE BAGASIE PER ITEM:

(a) Handsak, briewetas, sambreel, kamera — GRATIS

(b) Ander bagasie — R0,05

"B"

Hierdie permit is uitgereik onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Die houer of sy dienaar mag nie na hy 'n passasier verkry het of nadat hy vir 'n rit gehuur is ander passasiers vir dieselfde rit of enige gedeelte daarvan of the retoerrit of enige gedeelte daarvan oplaai nie. Vir die doeleindes van hierdie voorwaarde word dit beskou dat 'n rit en/of retoerrit voltooi is wanneer die passasier(s) by hulle eindbestemming afgelaai is.

2. Die houer of sy dienaar mag nie deur middel van advertensie of op enige ander wyse bekend maak of laat bekend maak dat hy bereid is om vervoer buite sy gemagtigde gebied te onderneem nie.

3. Die houer of sy dienaar moet die tariewe, wat deur die raad vasgestel of aangeneem is, nakom en moet 'n duidelike leesbare afskrif van sodanige tariewe in 'n opvallende plek in sy voertuig vertoon.

4. Die houer of sy dienaar mag nie passasiers werf of enige persoon toelaat om namens hom passasiers vir vervoer te werf nie.

5. Die houer moet 'n kennisgewing op 'n ooglopende plek op die dak van die voertuig tot bevrediging van die raad aanbring en wat te alle tye duidelik van buite die voertuig sigbaar is en wat die aard van die besigheid naamlik "TAXI" aan al vier die sye daarvan asook die kategorie van persone wat vervoer mag word naamlik "NET NIE-BLANKES/NON WHITES ONLY " op twee teenoorgestelde sye van die kennisgewing (in Afrikaans op die een sy en in Engels op die ander sy) deur middel van wit letters op 'n groen agtergrond vertoon. Op twee teenoorgestelde sye van die kennisgewing mag die telefoonnommer, waar die betrokke huurmotor se dienste gewoonlik aangevra mag word, verskyn.

6. Die letters en syfers wat op die kennisgewing verskyn se minimum mate en hulle rangskikking moet soos volg wees:

(a) Hoogte van syfers en letters 38 mm.

(b) Wydte van syfers en letters 19 mm.

(c) Breedte van streep van syfers en letters 4,77 mm.

(d) Afstand tussen opeenvolgende syfers en letters 4,77 mm.

(e) Afstand tussen woorde in dieselfde lyn 12,7 mm.

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word aan die Landdros, Keetmanshoop vir die oordrag van die Tabak (kleinmaat) en Spuit- en Mineralewater lisensie tans gehou deur EDELWEISS DRANKWINKEL (EDMS) BEPERK ten opsigte van die perseel geleë te Erf 183 h/v Khabuser en Mittelstrate Keetmanshoop aan en ten gunste van JACOBUS HENDRIK OOSTHUIZEN wie voortaan besigheid sal dryf vir sy eie rekening onder die naam ROY'S DRANKWINKEL op dieselfde perseel.

Geteken te Keetmanshoop op hierdie 21ste dag van Mei 1980.

LENTIN, BOTMA & DE WAAL
(Prokureurs vir die Partye)
Posbus 38
KEETMANSHOOP
9000

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word aan die Landdros, Keetmanshoop vir die oordrag van die Algemene Handelaar, Restaurant, Motor Garage, Spuit- en Mineralewater en Tabak (kleinmaat) lisensies tans gehou deur ARPCO MOTORS (EDMS) BEPERK ten opsigte van die perseel geleë te Erf 307/8 Warmbaderweg, Keetmanshoop en wie besigheid dryf onder die naam ARPCO MOTORS aan en ten gunste van AREND EGBERTUS HANEKOM wie voortaan besigheid sal dryf vir sy eie rekening onder dieselfde naam en dieselfde perseel hierbo genoem.

Geteken te Keetmanshoop op hierdie 21ste dag van Mei 1980.

LENTIN, BOTHA & DE WAAL
(Prokureurs vir die Partye)
Posbus 38
KEETMANSHOOP
9000

## PLASE TE KOOP

Op las van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika sal die adjunk-balju LÜDERITZ op 7 Julie 1980 om 10h00 voor die Polisiestasie te AUS die ondergemelde eiendom/me by publieke veiling verkoop:-

SEKERE: Plaas RUSPUNT NR. 69 Registrasie-Afdeling N Distrik LÜDERITZ.

GROOT: 20893,5754 hektaar.

Soos beskryf in Goewermentsgrondbrief Nr. 125/1968 geregistreer op 28 November 1968 in naam van DANIEL MICHIEL GREEFF gebore op 25 Junie 1910.

Die ligging van hierdie eiendom/me is soos volg:- 113 Kilometer SUIDOOS VAN AUS.

Geboue en verbeterings wat beweer word om op die eiendom/me te bestaan is:-

Woonhuis, motorhuis, skeerhuis, pelskamer, gedeeltelik veekerend en Jakkalsproef omhein, 5 boorgate, 5 reservoirs, 5 drinkbakke, 5 windpompe. Die koper sal aanspreeklik mag wees vir die betaling van 'n eis van nagenoeg R5035,68 ingedien deur die eienaar van die aangrensende plaas ROOIBERG NR. 70 ten opsigte van die helfte van die koste van 'n jakkalsproef heining wat na bewering deur eiser op 'n gemeenskaplike grenslyn opgerig is.

Geen versekering kan gegee word dat die gemelde geboue en verbeterings wel bestaan, óf dat enige daarvan vry van 'n retensiereg of huurkoopooreenkoms is, of dat 'n aangrensende eienaar geen belang of kontribusie-eis ten opsigte van 'n grensheining het nie.

Die eiendom/me word voetstoots verkoop soos dit staan, onderworpe aan alle serwitute en voorwaardes in die titelakte/s vermeld.

Die voorwaardes van betaling van die koopsom is soos volg:-

Een-vyfde van die koopsom tesame met alle kostes in verband met die verkoping insluitende advertensie-koste asook enige belastings en afslaerskommissie teen 2½%, moet by toeslaan van die bot in kontant of per bank gewaarborgde tjek betaal word.

Die saldo van die koopsom, plus 8% rente daarop vanaf die datum van die verkoping tot datum van betaling, is binne 3 maande na die datum van die verkoping aan die Landbank betaalbaar.

## FARMS FOR SALE

Upon instructions from the Land and Agricultural Bank of South West Africa, the Deputy Sheriff, LUDERITZ will sell by public auction, on the 7th July 1980 at 10h00 in front of the Police Station AUS the following property/ies:-

CERTAIN: Farm RUSPUNT NO. 69 Registration Division N District LUDERITZ

MEASURING: 20893,5754 hectares

As described in Government Grant No. 125/1968 registered on the 28th November 1968 in the name of DANIEL MICHIEL GREEFF born 25th June 1910.

The situation of this/these property/ies is as follows:- 113 Kilometres South East of AUS.

Buildings and improvements alleged to exist on the property/ies:- Dwelling house, garage, shearing shed, pelt room, partially stockproof and -vermin proof fenced, 5 boreholes, 5 reservoirs, 5 drinking troughs, 5 windmills. The purchaser may be liable for the payment of a claim for approximately R5 035,68 submitted by the owner of the adjoining farm ROOIBERG NO. 70 in respect of half of the costs of a Jackal proof fence alleged to have been erected by claimant on a common boundary line.

No assurance can be given that the said buildings and improvements do exist, nor that any of them is free from a right of retention or Hire Purchase Agreement, nor that an adjoining owner has no interest or claim for contribution in respect of any boundary fencing.

The property/ies is sold "voetstoots" as it/they stand(s), subject to all servitudes and conditions specified in the title deed(s).

The terms of payment of the purchase price are as follows:-

One-fifth of the purchase price together with all costs in connection with the sale including advertising costs as well as any taxes and auctioneer's commission at 2½%, shall be paid on the fall of the hammer in cash or by means of a Bank guaranteed cheque.

The balance purchase price, plus 8% interest thereon from the date of sale to date of payment, shall be payable to the Land Bank within 3 months after the date of sale.

Dit staan die koper vry om meer as die voorgeskrewe een-vyfde van die koopsom by toeslaan van die bot te betaal, en hy kan die saldo koopprys dadelik of te enige tyd voor verstryking van drie maande na die datum van die verkoping betaal.

Die koper is aanspreeklik vir die betaling van hereregte, transportkoste, belastings, heffings, boedelregte en regeringslaste (as daar is) en enige ander gelde wat nodig mag wees om transport in sy naam te registreer. Die bedrae ten opsigte hiervan moet betaal word sodra die Landbank dit versoek.

Die Landbank behou hom die reg voor om enige eiendom wat te koop aangebied word te enige tyd van die verkoping te onttrek.

The purchaser is at liberty to pay on the fall of the hammer, a larger amount than the prescribed one fifth of the purchase price, and he may pay the balance purchase price immediately or at any time before expiration of three months after the date of sale.

The purchaser shall be liable for the payment of transfer duty, costs of transfer, taxes, rates, estate duty and government charges (if any) and any other expenses as may be necessary to register transfer in his name. These amounts shall be paid as soon as the Land Bank requests payment thereof.

The Land Bank reserves the right at any time to withdraw from the sale any property which is offered for sale.

## PLASE TE KOOP

Op las van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika sal die adjunk-balju OUTJO op 4 Julie 1980 om 09h00 voor die Hofsaal van die Landdros kantoor te OUTJO die ondergemelde eiendom/me by publieke veiling verkoop:-

SEKERE: Resterende Gedeelte van die plaas GARUBIB NR. 188
Registrasie-Afdeling A
Distrik OUTJO

GROOT: 3390,0620 hektaar.

Soos beskryf in Akte van Transport Nr. 162/1975 geregistreer op 6 Februarie 1975 in naam van STEPHANUS PETRUS JANSEN VAN VUUREN gebore op 7 Mei 1940.

Die ligging van hierdie eiendom/me is soos volg:-

176 Kilometer Wes van OUTJO.

Geboue en verbeterings wat beweer word om op die eiendom/me te bestaan is:-

Woonhuis, 3 vertrek buitegebou, sink afdak en werkswinkel, put, 4 boorgate, 3 reservoirs, 5 krippe, 3 000 meter pyplyn, 2 windpompe, veekerend omhein, 12 weikampe met suiping in 9 weikampe.

Geen versekering kan gegee word dat die gemelde geboue en verbeterings wel bestaan, of dat enige daarvan vry van 'n retensiereg of huurkoopooreenkoms is, of dat 'n aangrensende eienaar geen belang of kontribusie-eis ten opsigte van 'n grensheining het nie.

Die eiendom/me word voetstoots verkoop soos dit staan, onderworpe aan alle serwitute en voorwaardes in die titelakte/s vermeld.

## FARMS FOR SALE

Upon instructions from the Land and Agricultural Bank of South West Africa, the Deputy Sheriff, OUTJO will sell by public auction, on the 4th July 1980 at 09h00 in front of the Court Room of the Magistrate's Office at OUTJO the following property/ies:-

CERTAIN: Remaining Extent of the farm GARUBIB NO. 188
Registration Division A
District OUTJO

MEASURING: 3390,0620 hectares

As described in Deed of Transfer No. 162/1975 registered on the 6th February 1975 in the name of STEPHANUS PETRUS JANSEN VAN VUUREN born 7th May 1940.

The situation of this/these property/ies is as follows:-

176 Kilometres West of OUTJO

Buildings and improvements alleged to exist on the property/ies:-

Dwelling house, 3 roomed outbuilding, Galvanized iron lean-to and work shop, well, 4 boreholes, 3 reservoirs, 5 drinking troughs, 3 000 metres pipeline, 2 windmills, stock proof fenced, 12 grazing camps with watering places in 9 grazing camps.

No assurance can be given that the said buildings and improvements do exist, nor that any of them is free from a right of retention or Hire Purchase Agreement, nor that an adjoining owner has no interest or claim for contribution in respect of any boundary fencing.

The property/ies is sold "Voetstoots" as it/they stand(s), subject to all servitudes and conditions specified in the title deed(s).

Die voorwaardes van betaling van die koopsom is soos volg:-

Een-vyfde van die koopsom tesame met alle kostes in verband met die verkoping insluitende advertensiekoste asook enige belastings en afslaerskommissie teen 2½%, moet by toeslaan van die bot in kontant of per bank gewaarborgde tjek betaal word.

Die saldo van die koopsom, plus 8% rente daarop vanaf die datum van die verkoping tot datum van betaling, is binne 3 maande na die datum van die verkoping aan die Landbank betaalbaar.

Dit staan die koper vry om meer as die voorgeskrewe een-vyfde van die koopsom by toeslaan van die bot te betaal, en hy kan die saldo koopprys dadelik of te enige tyd voor verstryking van drie maande na die datum van die verkoping betaal.

Die koper is aanspreeklik vir die betaling van hereregte, transportkoste, belastings, heffings, boedelregte en regeringslaste (as daar is) en enige ander gelde wat nodig mag wees om transport in sy naam te registreer. Die bedrae ten opsigte hiervan moet betaal word sodra die Landbank dit versoek.

Die Landbank behou hom die reg voor om enige eiendom wat te koop aangebied word te enige tyd van die verkoping te onttrek.

The terms of payment of the purchase price are as follows:-

One-fifth of the purchase price together with all costs in connection with the sale including advertising costs as well as any taxes and auctioneer's commission at 2½%, shall be paid on the fall of the hammer in cash or by means of a Bank guaranteed cheque.

The balance purchase price, plus 8% interest thereon from the date of sale to date of payment, shall be payable to the Land Bank within 3 months after the date of sale.

The purchaser is at liberty to pay on the fall of the hammer, a larger amount than the prescribed one fifth of the purchase price, and he may pay the balance purchase price immediately or at any time before expiration of three months after the date of sale.

The purchaser shall be liable for the payment of transfer duty, costs of transfer, taxes, rates, estate duty and government charges (if any) and any other expenses as may be necessary to register transfer in his name. These amounts shall be paid as soon as the Land Bank requests payment thereof.

The Land Bank reserves the right at any time to withdraw from the sale any property which is offered for sale.

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat na 14 (veertien) dae vanaf plasing van hierdie kennisgewing daar by die Handelslisensiehof vir die distrik van Swakopmund, gehou te Swakopmund, aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die restaurant, tabak by kleinmaat en spuiten mineralewater handelaarslisensies, tans gehou deur ERNESTO MARQUES MORGADINHO wat handel dryf onder die naam en styl van BALATON RESTAURANT, Erf 214, Poststraat 21, in die distrik van Swakopmund, aan GABOR ZAKANY wat binne dieselfde gebied onder dieselfde naam en styl handel sal dryf.

Geteken te Swakopmund hierdie 30ste dag van Mei 1980.

(Get.) J. J. SWANEPOEL<br>
SWANEPOEL & KINGHORN<br>
Prokureurs vir Applikant<br>
Standard Bank-gebou<br>
Kaiser Wilhelmstraat<br>
Posbus 1455<br>
SWAKOPMUND

## NOTICE OF INTENDED ALIENATION OF BUSINESS

Take notice that KLAUS EBERHARD NIEDERMEIER of P.O. Box 420, SWAKOPMUND, in his capacity as proprietor of the business known as SWAKOPMUND FISH AND CHIPS, trading as such in Brücken Street, SWAKOPMUND, hereby gives notice in compliance with the provisions of Section 34 (i) of Act 24 of 1936 of his intention to alienate the said business to HEINRICH JACOB TRAUT of Poste Restante, SWAKOPMUND.

Thus done and signed at Swakopmund on this 27th day of May, 1980.

SWANEPOEL & KINGHORN<br>
Atrorneys for Seller<br>
Standard Bank Building<br>
Kaiser Wilhelm Street<br>
P.O. Box 1455<br>
SWAKOPMUND<br>
9000

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Swakopmund, vir die distrik van Swakopmund, vir die oordrag van die —

(1) Spuit- en minerale water -en

(2) Tabakhandelslisensies tans gehou deur JOHANNA HELENA GRIESEL wat handel dryf onder die naam HOTEL DE DUINE te Erf 85, Hentiesbaai, aan ADRIAAN PETRUS VAN DER COLF en SAREL ANDRIES KAMFER wat by dieselfde adres en onder dieselfde naam handel sal dryf.

Gedateer te Swakopmund op die 27ste Mei 1980.

(Get.) J. J. SWANEPOEL
SWANEPOEL & KINGHORN
Prokureurs vir die Partye
Kaiser Wilhelmstraat
Standard Bank-gebou
Posbus 1455
SWAKOPMUND

---

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Swakopmund, vir die distrik van Swakopmund, vir die oordrag van die —

(1) Spuit- en minerale water -en

(2) Tabakhandelslisensies tans gehou deur JOHANNA HELENA GRIESEL wat handel dryf onder die naam HOTEL DE DUINE OFF SALES, te Erf 15, Hentiesbaai, aan ADRIAAN PETRUS VAN DER COLF en SAREL ANDRIES KAMFER wat by dieselfde adres en onder dieselfde naam handel sal dryf.

Gedateer te Swakopmund op die 27ste dag van Mei 1980.

(Get.) J. J. SWANEPOEL
SWANEPOEL & KINGHORN
Prokureurs vir Partye
Kaiser Wilhelmstraat
Standard Bank-gebou
Posbus 1455
SWAKOPMUND

---

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van MALTAHÖHE gehou te MALTAHÖHE vir die oordrag van die SPUIT EN MINERAALWATER LISENSIE en TABAK BY KLEINMAAT LISENSIE van SIEGFRIED ULRICH WERTHMANN wie tans handeldryf op Erwe 3, 4 en 5 MALTAHÖHE onder naam en styl van MALTAHÖHE HOTEL aan BAREND JACOBUS DE KLERK BOSHOFF hierna op dieselfde persele onder dieselfde naam en styl vir sy eie rekening, handel sal dryf.

Aldus gedaan en geteken te Windhoek op hede die 4de dag van Junie 1980.

(Get.) R. Olivier
R. OLIVIER & KIE
Prokureurs vir Applikant
Atlantis Gebou
Moltkestraat
Posbus 2198
WINDHOEK.
9000

---

## KENNIS VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee vir oordrag van besigheid tans gehou deur J. J. D. van Wyk Bus 184, Okahandja wie handel dryf as Amber Diensstasie, Voortrekkerstraat, Okahandja erf 5/1 Okahandja aan Johan Ebersohn, Bus 724, Okahandja wie voortaan onder dieselfde naam op dieselfde perseel vir sy eie rekening sal handel dryf.
(Get.) J. J. D. VAN WYK.